



Kurrikulum Direkoraat: AOO			LESPLAN
Vak	Afrikaans EAT	Kwartaal	2
Graad	9	Week	5
<b>Skakel met onderrig- en assesseringsplan</b>	Taalstrukture en -konvensies: Betekenisleer (Semantiek)		
<b>Inleiding</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>In vorige grade het julle geleer dat sommige woorde dieselfde en ander teenoorgestelde betekenis het.</li> <li>Woorde soos <u>baie</u> en <u>min</u> is bv. teenoorgesteldes, terwyl woorde soos <u>bly</u> en <u>opgewonde</u> min of meer dieselfde beteken.</li> <li>Dieselfde woord kan ook verskillende betekenis hê. Ons gaan dus die betekenis van die woord binne die konteks van die sin aflei.</li> </ul>		
<b>Konsolidasie</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik nuwe woorde gereeld in sinne sodat jy die betekenis daarvan vaslê.</li> <li>Leer ten minste twee nuwe woorde en hul betekenis per dag.</li> </ul>		
<b>Papiergebaseerde bronne: Handboek</b>	<b>Digitale bronne:</b> <a href="https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0erklarende">https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0erklarende</a> <a href="https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0">https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0</a> <a href="https://www.thelearningtrust.org/asp-treasure-box">https://www.thelearningtrust.org/asp-treasure-box</a>		
 <p><b>AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER</b></p>	<b>VAARDIGHEDE</b> (WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)	<b>ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING</b> (HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)	<b>Hulpbronne / LOOM</b> (WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)
	Luister en Praat		
	Lees en Kyk		
	Skryf en Aanbied		
	Taalstrukture en Konvensies	Betekenisleer: Die volgende begrippe word onderrig,: antonieme, sinonieme, homofone en homonieme. Leerders moet die betekenis van woorde binne die konteks van 'n sin verstaan en hulle eie sinne maak.	Oefening wat die konsepte antonieme, sinonieme, homofone en homonieme vaslê.

 <p><b>AKTIWITEITE VIR DIE OUER</b></p>	<p>Meer inligting oor betekenisleer en oefeninge oor die sinonieme, antonieme, homofone en homonieme sal u in die handboek van die leerder vind.</p>	<p>Kyk na die stapsgewyse verduideliking van die verskillende begrippe. Leerders moet oefen deur die bostaande stappe te volg. Vra u kind om sinnetjies van homonieme en homofone te maak. Hulle kan ook sinonieme en antonieme van woorde vir u gee.</p>	<p>Kyk na die youtube vir meer voorbeelde:  <a href="https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0erklarende">https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0erklarende</a></p> <p>Die betekenis van woorde in die verklarende woordeboek nageslaan word.</p>
 <p><b>AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER</b></p>	<p><b>Leerderaktiwiteite:</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Leer die verskillende begrippe: antonieme, sinonieme, homofone en homonieme</li> <li>2. Kyk hoe die vrae in die eksamen gevra kan word en volg stapsgewyse die riglyn om dit te beantwoord.</li> <li>5. Doen self oefeninge oor sinonieme, antonieme, homofone en homonieme.</li> <li>6. As jy nog sukkel, kyk ook na die video by:  <a href="https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0erklarende">https://www.youtube.com/watch?v=KOXmc7s_Kb0erklarende</a> wat ook oor Betekenisleer handel.</li> </ol>		

<b>DOELSTELLINGS VAN LES</b>	Die vaslegging van die identifisering en gebruik van sinonieme, antonieme, homonieme en homofone
<b>VAARDIGHEDE</b>	<p>1. <b>In Betekenisleer moet jy die volgende begrippe ken: sinonieme, antonieme, homofone en homonieme.</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Sinonieme</b> is woorde met min of meer dieselfde betekenis. Die woorde beteken nie heeltemal dieselfde nie. Voorbeelde: Die meisie dra <b>pragtige</b> klere. Hy het 'n <b>lieflike</b> stem.</li> <li>• <b>Antonieme</b> is woorde met die teenoorgestelde betekenis. Voorbeelde: Die zebra het <b>wit</b> en <b>swart</b> strepe op sy pels.</li> <li>• <b>Homofone:</b> Die woord "homofoon" kom van die Latynse woorddele "homo" wat "dieselfde" beteken en "foon" wat na klank verwys. Homofone is dus woorde waarvan die uitspraak dieselfde is (dit klink dieselfde), maar die spelling en betekenis verskil. Voorbeelde: Die <b>vee</b> wei op die veld. Die <b>fee</b> het die padda in 'n prins verander. Die woorde vee en fee klink dieselfde (word dieselfde uitgespreek), maar vee verwys na beeste of skape, terwyl fee na 'n bonatuurlike wese in 'n sprokie verwys. Nog 'n voorbeeld is <b>fiets</b> (bicycle) x <b>viets</b> (netjies, sjiek).</li> <li>• <b>Homonieme:</b> Die woord "homoniem" kom van twee Latynse woorddele: "homo" wat "dieselfde" beteken en "niem" wat "naam" of "woord" beteken. Homonieme is woorde wat dieselfde gespel (geskryf) word, maar hul betekenis verskil. Voorbeelde: Hy bekleë die pos as prinsipaal. Ek het die brief deur die pos ontvang. In die eerste sin verwys "pos" na die posisie in werk wat die man bekleë en in die tweede sin verwys dit na "die afdeling in die staatsdiens wat briewe aflewer". 'n Ander voorbeeld van 'n woord wat as 'n homoniem beskou kan word, is die woord <b>mis</b>: Vanoggend is die <b>mis</b> dig. <b>Mis</b> is voorheen vir mense se vloere gebruik. In die eerste sin verwys mis na die "weersomstandighede" en ander betekenis is "dierereste".</li> </ul> <p><b>Let wel:</b> Leerders sukkel dikwels om homonieme en homofone van mekaar te onderskei. Die tabel hieronder sal jou help om die verskil tussen homonieme en homofone te onthou:</p>

### Homonieme

### Homofone

Spelling	Dieselfde (D)	Verskil (V)
Uitspraak	Dieselfde (D)	Dieselfde (D)
Betekenis	Verskil (V)	Verskil (V)

Jy moet dus onthou: Homonieme = DDV en Homofone = VDV

### 2. Leerwenke:

Goeie woordeskat sal jou baie help met die beantwoording van vrae oor Betekenisleer. As jy gereeld lees, sal jou woordeskat verbeter.

### 3. Hoe kan vrae oor Betekenisleer in 'n eksamen gestel word?

#### Sinonieme:

- Die eenvoudigste manier waarop 'n vraag oor sinonieme gestel kan word, is: Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies. Vleis van goeie (gehalte).

By hierdie soort vraag moet jy weet wat 'n sinoniem is en dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy elke keer een woord kan gee wat min of meer dieselfde as gehalte beteken. (Die antwoord is **kwaliiteit**).

- Kies 'n SINONIEM vir "irriteer" in die onderstaande sin uit die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Ma, Hammie probeer sy bes om my te irriteer.

pla help verveel
------------------

By hierdie soort vraag moet jy weet wat 'n sinoniem is en dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy die gepaste woord uit die lysie kan kies. Die antwoord is dus **'pla'**.

#### Antonieme:

Die eenvoudigste manier waarop 'n vraag oor antonieme gestel kan word, is:

- Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies. Dit lyk baie (mooi) as die honderde plastieksakke oral rondwaai.

By hierdie soort vraag moet jy weet wat 'n antoniem is en dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy een woord kan gee wat die teenoorgestelde as "mooi" beteken. (Die antwoord is **lelik/ morsig**).

- Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.  
Die nuus versprei (stadig) op sosiale media.

By hierdie soort vraag moet jy weet wat 'n antoniem is en dan moet jou woordeskat goed genoeg wees sodat jy een woord kan gee wat die teenoorgestelde as "stadig" beteken. (Die antwoord is **vinnig**).

### **Homonieme en Homofone:**

Vrae oor homonieme en homofone word gewoonlik op die volgende manier gestel:

- Gebruik die HOMONIEM van "**was**" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.  
Sy was elke Maandag haar wasgoed.

By hierdie vraag moet jy weet dat 'n homoniem dieselfde gespel word, maar 'n verskil in betekenis het.

Die woord "was" dui op "om met water skoon te maak" in die bostaande sin.  
'n Moontlike antwoord: Sy gebruik was (wax) om kerse te maak. Met ander woorde 'n vetterige stof.

- Gebruik die HOMOFON van **lei** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.  
Hulle het gewys dat toewyding tot sukses lei.

By hierdie vraag moet jy weet dat 'n homofoon dieselfde klink, maar verskillend gespel word. Die betekenis sal ook verskil.

Die woord **lei** in bostaande sin beteken (gee aanleiding tot).

'n Moontlike antwoord: Die man ly honger. (Die man kry swaar weens gebrek aan kos.)

By hierdie vrae moet jy weet wat 'n homoniem of homofoon is (Jy moet DDV en VDV onthou). Dan moet jy weet wat die gegewe woorde in die sinne beteken: wat beteken "was" en "lei"?

Daarna moet jy jou eie sinne neerskryf waarin jy die homoniem/ homofoon van daardie woorde gebruik. Dit moet duidelik wees dat die woord nou 'n ander betekenis in jou sin het.

	<p><b>4. Foute wat leerders in eksamenvrae oor Betekenisleer begaan:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Leerders wat nie die begrippe leer nie, raak verward in die eksamen.</li> <li>• As leerders 'n homoniem moet neerskryf, verander hulle die woord (bv. vir die homoniem van "leer" maak hulle 'n sin met "geleer", wat nie 'n homoniem van "leer" is nie.)</li> </ul>	
<p><b>AKTIWITEITE / ASSESSERING</b></p>	<p><b>Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg. Jy kan ook iemand by die huis vra om jou te toets.</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gee die ANTONIEM van die woorde tussen hakies.             <ol style="list-style-type: none"> <li>1.1 Die prent is (dof).</li> <li>1.2 Sy staan (eerste) in die klas.</li> </ol> </li> <li>2. Gebruik die HOMONIEM van <b>skool</b> in die onderstaande sin sodat die betekenis duidelik is. Die skool het vroeg verdaag.</li> <li>3. Gebruik die HOMONIEM van "pen" in 'n betekenisvolle sin. Gebruik hierdie "pen" om die tent op te slaan.</li> <li>4. Gee 'n SINONIEM vir die woorde tussen hakies:             <ol style="list-style-type: none"> <li>4.1 Hy is (fluks).</li> <li>4.2 My maag is (hol).</li> </ol> </li> <li>5. Gebruik die HOMOFOON van <b>reis</b> in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. Waarheen is die <b>reis</b>?</li> </ol>	
<p>Memorandum van assesseringsaktiwiteit</p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1.1 Helder/ duidelik</li> <li>1.2 laaste</li> <li>2. 'n Moontlike antwoord: Ek het 'n skool visse gesien. (Die betekenis van skool moet nie na skoolgemeenskap of instansie van leer verwys nie.)</li> <li>3. Bv. Gebruik 'n swart pen om jou vrae te beantwoord. (Die woord <u>pen</u> moet nie na iets wat jy in die grond kap, verwys nie.)             <ol style="list-style-type: none"> <li>4.1 Ywerig, vinnig, vlytig</li> <li>4.2 leeg</li> </ol> </li> <li>5. Hy het die <b>rys</b> (graansoort) pap gekook. Of Die brood begin rys (opkom)</li> </ol>	
<p><b>KONSOLIDASIE / VASLEGGING</b></p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy kan die begrippe, sinonieme, antonieme, homonieme en homofone vaslê deur nog oefeninge daarvoor uit jou handboek te doen. Leer 'n lys van sinonieme of antonieme.</li> </ul>	
<p><b>BRONNE (indien nodig)</b></p>	<p><b>Papiergebaseerde bronne</b></p> <p>Kyk in jou handboek vir verdere oefeninge oor betekenisleer.</p>	<p><b>Digitale bronne</b></p> <p>Jy kan meer oor antonieme en sinonieme leer by:  <a href="https://www.youtube.com/watch?v=KOXm_c7s_Kb0">https://www.youtube.com/watch?v=KOXm_c7s_Kb0</a></p>